Navrae / Enquiries / IMibuzo: S.N. PIETERSE, H. WYNGAARD, W.P. DAMES
Telefoon / Telephone / IFoni: (021) 467-2000
Faks / Fax / IFeksi: (021) 467-2996
Verwysing / Reference / ISalathiso: 6/8/1/1, 7/9/1/1

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0024/01

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS, HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS

**JAARLIKSE VERLOF : OPVOEDERS**

Resolusie 7/2000 maak voorsiening vir 10 (tien) dae jaarlikse verlof aan opvoeders by skole. Hierdie jaarlikse verlof moet benut word met inagneming van die werkgewer se vereistes met betrekking tot dienslewering.

U aandag word vriendelik daarop gevestig dat die oorhoofse verlofbeleid voortspruitend uit die nuwe verlofbedeling na aanleiding van Resolusie 7/2000 in die proses van finalisering is. Dit is nietemin duidelik dat die toestaan van die 10 dae jaarlikse verlof aan opvoeders die onderrig en leerproses ernstig sal ontwrig, en derhalwe ook die diensleweringsvereistes van die WKOD. Daar is gevolglik besluit dat die 10 dae jaarlikse verlof, vir die huidige, nie toegestaan sal kan word nie tot tyd en wyl die departementele beleid hieromtrent uitgeklaar is.

Hoofde van inrigtings moet asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeellede bring deur hulle dit te laat onderteken en dateer.

U samewerking sal gewaardeer word.

nms. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001-03-06